# Mooiste makro-fotografie

VANDERBIJLPARK. - Die Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging, tuiste van aktiewe amateur fotograwe, gaan van sterkte tot sterkte.

Die klub se juniorfotograwe neem toe en dreun die meer ervare fotograwe goed op met die kwaliteit van hulle inskrywings.

Die klub het onlangs sy klubaand gehou, waartydens die tema ***Makro-fotografie*** was. Makro fotografie vereis eindelose geduld en presiesheid. Om die regte deel in fokus te kry is nie altyd 'n maklike taak nie, maar Rensia Fourie, 'n senior-fotograaf, het met haar ***Grasveldwitjie*** gewys dat dit wel met uitstekende resultate gedoen kan word. Die fokus en beligting in haar foto is uitstekend hanteer.



**Rensia Fourie, 'n senior-fotograaf het met haar "Grasveldwitjier" die makro-afdeling gewen.**

In fotografie word daar weer deesdae op monochroom foto's gefokus: dié genre bied sy eie uitdagings, want beligting en die duidelike definisie tussen swart en wit is nie altyd maklik om korrek weer te gee nie. Die wenner in hierdie afdeling is Jan Jacobs, 'n meester kandidaat-fotograaf, se ***Blessings***. Jan is 'n ware meester as dit by die neem van balletfoto's kom en het weer eens gewys waartoe hy in staat is.

In die oop-afdeling waar enige foto vertoon mag word, is Renéé Storme, 'n 5 Ster-fotograaf, die wenner in die senior-afdeling met haar foto ***Flying Skimmers***. Voëlkenners sal weet dat hierdie vinnige voëltjies hulle nie maklik op 'n foto laat vasvang nie! In die tweede plek in die seniorkategorie is Brenda Karsten, 'n 5 Ster-fotograaf, met ***Rocky View***.

In die junior-afdeling is *Vaalweekblad* se veelsydige fotograaf, Elsje Vermeulen, se foto ***Dirty & Dedicated*** as wenner aangewys. Dion Zjilstra se ***Red line Nissan*** is in die tweede plek.

Die Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging is geaffilieer by PSSA (Photographic Society of South Africa), die nasionale liggaam wat na die belange van amateur fotograwe in Suid Afrika omsien.

Daar is tans sowat 70 fotografieklubs landwyd met 1 700 geaffilieerde lede. PSSA bied elke maand 'n kompetisie vir geaffilieerde klubs aan en die beste foto tydens 'n klubaand word vir hierdie kompetisie ingeskryf. Klubwenners skryf maandeliks vir hierdie kompetisie in en wenfoto's en ander interessante inligting kan by www.pssa.co.za gevind word. Die klub kom maandeliks byeen op die kampus van die Noordwes-Universiteit in die Sentrum vir Telematiese Leer, Samancor ouditorium, Vanderbijlpark, waar alle fotograwe en ander belangstellendes baie welkom is. Klubaande vind op die derde Vrydagaand van elke maand plaas en begin om 18:30.

Die volgende byeenkoms word op 23 Junie gehou en die maandonderwerp is *Wildlife*. 'n Nuwe kategorie, minireekse, word ook aangebied vir beoordeling. In hierdie opwindende kompetisie moet vier tot ses foto's 'n storie, sonder musiek, vertel. Alle belangstellendes is welkom om te kom kyk waarmee hierdie fotograwe vorendag gaan kom. Die kontakpersoon is Johan Brits by 082 718 8394 of tsawa@yebo.co.za

Die klub se opwindende, opgedateerde webtuiste kan by http://www.vdbp-photo.org/ besoek word vir inspirerende foto's en berigte. Besoek ook hul Facebookblad by https://www.facebook.com/VdbpPhotoClub waar daar gereeld interessante wenke en foto's opgelaai word.



**Elsje Vermeulen, 'n 3 Ster-fotograaf, se foto "Dirty and Dedicated" is as die junior-wenner aangewys.**




**Renéé Storme, 'n 5 Ster-fotograaf, is die wenner in die senior-afdeling met haar foto "Flying Skimmers".**




**Links: Dion Zjilstra se "Red line Nissan" is tweede in die junior-afdeling.**



**Brenda Karsten, 'n 5 Ster-fotograaf, se foto "Rocky View" is as naaswenner aangewys in die senior-afdeling.**



**Jan Jacobs, 'n meester kandidaat-fotograaf, se "Blessings" is die monocrhoom wenner.**